

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 2:28-34

Joab – God neem ook die kwaadwillige in diens

Wat 'n man om aan jou sy te hê: Joab (die Here is Vader). Die dapperste van die dapperes saam met sy twee broers, Abisai en Asahel. Hulle was seuns van Seruja, die suster van Dawid. Tog is hy iemand wat by meer as een geleentheid vir Dawid 'n verleentheid was (die moord op Abner en Amása). Joab wat die gees onder die volk raak kon opsom – 'n beroepsoldaat.

Joab – iemand van wie daar niks oor sy geloof opgeteken is nie. Wel iemand wat sy teenstanders koelbloedig kon uitskakel. Tog het Joab gesorg dat die koningskap van Dawid bestendig bly. Dawid kon hom op sy koningskap toespits. Die sagtheid van Dawid teenoor sy kinders (Absalom en Adonia) het hy waarskynlik verag, en daarom kon hy korte metten met 'n weerlose Absalom maak.

Dawid kon beswaarlik teen Joab optree (Dawid se opdrag oor Uria, die eggenoot van Batseba), en tog word hy op sy sterfbed gepla deur die bloedskuld wat hy ongestraf laat bly het. Hy dra Joab aan Salomo op om met hom af te reken.

Al was Joab nie bekend vir die gemeenskap met God nie, ken hy die reg van die onskuldiges. Hy vlug na die altaar in die tent van die HERE en gryp die horings van die altaar vas. Die vasgryp van die horings van die altaar was net vir onskuldiges bedoel. Net hulle kon op God se beskerming hoop. Met sy bloedskuld kon hy nie op God reken nie. Die geharde soldaat sterf by die horings van die altaar (wat die ontferming van God simboliseer), sonder dat God hom in genade omhels.

Só neem God ook die kwaadwillige in diens om sy doel met sy kinders te bereik. 'n Lewe sonder God ter wille van die man na sy hart – Dawid, uit wie die nasate die Verlosser gebore word. Hy word in die woestyn begrawe – die broeiplek van die duiwel.

Sing: Psalm 99:5 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)